PBO 930022142 NPO 049-191

Wat is Demensie

Indien uself, ’n vriend of familielid met demensie gediagnoseer word, kan u angstig of verward voel. U weet dalk nie wat demensie is nie. Hierdie inligtingsblad behoort te help om ’n paar van u vrae te beantwoord.

Die term ‘demensie’ word gebruik om die simptome te beskryf wat voorkom wanneer die brein deur spesifieke siektes en omstandighede aangetas word. Dit sluit Alzheimer se siekte en beroerte in.

Demensie is progressief – dit beteken dat die simptome geleidelik erger word. Dit hang van elke individu af hoe vinnig dementia vorder.



Elke mens is uniek en sal dementia op hul eie manier ervaar.

Simptome van demensie sluit in:

Geheueverlies – byvoorbeeld, om die pad huis toe vanaf die winkels te vergeet, of om nie in staat te wees om name en plekke te onthou nie.

Gemoedsveranderings – veral as dele van die brein wat emosies beheer deur die siekte aangetas word. Mense met dementia mag ook hartseer, bang of kwaad wees oor wat besig is om met hulle te gebeur.

Kommunikasieprobleme – ’n afname in die vermoë om te gesels, te lees en te skryf.

Gedurende die later stadiums van dementia sal die aangetaste persoon probleme ondervind om alledaagse take te verrig en sal toenemend van ander mense afhanklik raak.

Ref. families.health.ufl.edu

Waardeur word demensie veroorsaak?

Daar is verskeie siektes en toestande wat demensie veroorsaak. Dit sluit in:

- Alzheimer se siekte
- Vaskulêre siektes
- Demensie met Lewy se Liggaampies
- Frontale-temporêre dementsie (insluitend Pick se siekte)

Alzheimer se siekte

Dit is die mees algemene oorsaak van demensie. Gedurende die verloop van die siekte verander die chemie en struktuur van die brein, wat lei na die afsterf van breinselle.

Vaskulêre siektes

Die brein is van 'n netwerk are afhanklik om suurstofryke bloed daarheen te bring. Indien die suurstoftoevoer na die brein te kort skiet, sal breinselle waarskynlik afsterf. Die simptome van vaskulêre demensie kan skielik na 'n beroerte voorkom, of oor die verloop van tyd deur 'n reeks kleiner beroertes.

Demensie met Lewy se Liggaampies

Hierdie vorm van demensie verleen sy naam aan die klein sfeervormige strukture wat in senuselle ontwikkel. Hul teenwoordigheid in die brein lei na die degenerasie van breinweefsel. Geheue, konsentrasie en taalvermoë word aangetas.

Frontale-temporêre dementsie (insluitend Pick se siekte)

In frontale-temporêre demensie word skade gewoonlik in die voorste gedeelte van die brein gefokus. Aanvanklik word persoonlikheid en gedrag meer as geheue aangetas.

Skaarser oorsake van demensie

Daar is baie ander skaarser oorsake van demensie, insluitend

progressiewe supra-nukleêre verlamming, Korsakoff se sindroom, Binswanger se siekte, MIV en Creutzfeldt-Jakob siekte (CJS).

Mense met veelvuldige sklerose, motorneuronsiekte. Parkinson se siekte en Huntington se siekte kan ook demensie ontwikkel.

supranuclear palsy, Korsakoff's syndrome, Binswanger's disease, HIV and Creutzfeldt-Jakob disease (CJD). People with multiple sclerosis, motor neurone disease, Parkinson's disease and Huntington's disease can also develop dementia.

Wie kry demensie?

- Demensie tas hoofsaaklik ouer persone aan. Dit kan egter ook jonger mense aantas.
- Beide mans en vrouens kry demensie.
- Wetenskaplikes is besig om die genetiese agtergrond van dementia te ondersoek.
- Dit lyk asof die siektes wat demensie veroorsaak in 'n paar uitsonderlike gevalle oorerflik kan wees

Kan demensie genees word?

Die meeste vorms van demensie kan nie genees word nie, alhoewel navorsing voortdurend besig is om medisyne, entstowwe en behandelings te ontwikkel.

Nuwe medisyne is redelik onlangs ontwikkel wat verligting bring vir sommige van die simptome van Alzheimer se siekte gedurende die vroeë tot middelstadiums. Hierdie middels werk in die brein om die voorsiening van 'n belangrike chemikalieë, bekend as asetielkolien, te volhou.

- Aricept (donepezil hidrochloride)
- Exelon (rivastigmine)
- Reminyl (galantamien)

Hierdie medisyne sal nie Alzheimer se siekte genees nie, maar dit kan sommige van die simptome vir 'n beperkte periode stabiliseer.

Newe-effekte sluit in diarree, naarheid, slaaploosheid en 'n gebrek aan eetlus.

Hoe weet ek of ek demensie het?

Baie mense is bang dat hulle demensie het, veral as hulle dink dat hul geheue verswak.

Om vergeetagtig te raak beteken nie noodwendig dat u demensie het nie. Geheueverlies kan 'n effek van ouderdom wees. Dit kan ook 'n teken van spanning of depressie wees. In buitengewone gevalle kan simptome soos die van demensie veroorsaak word deur vitamientekort en/of breingewas,

Indien u oor uself of iemand na aan bekommerd is, is dit nodig om u bekommernisse met u huisdokter te bespreek.

Many people fear they have dementia, particularly if they think that their memory is getting worse. Becoming forgetful does not necessarily mean that you have dementia. Memory loss can be an effect of ageing. It can also be a sign of stress or depression.

In rare cases dementia-like symptoms can be cause by vitamin deficiencies and/or a brain tumour. If you are worried about yourself, or someone close to you, it is worth discussing your concerns with your GP.

Die diagnose van demensie

Dit is baie belangrik om' 'n behoorlike diagnose te kry.

- Deur 'n diagnose te maak, kan die dokter siektes opspoor wat soortgelyke simptome as demensie het, insluitend depressie.
- Deur 'n diagnose te verkry, kan medisyne voorgeskryf word vir die vroeë of middelstadium van Alzheimer se siekte.
- Indien u dementia het of 'n versorger is, kan 'n diagnose u help om vir die toekoms voor te berei en te beplan.

Demensie word deur 'n dokter gediagnoseer: 'n huisdokter of 'n spesialis. Die spesialis kan 'n geriater wees ('n dokter wat in die versorging van bejaardes spesialiseer).

'n Neuroloog (iemand was spesialiseer in siektes van die senustelsel) of 'n psigiater ('n spesialis in geestesgesondheid).

Die dokter sal 'n aantal toetse uitvoer. Dit word ontwerp om geheue te toets en die vermoë om daaglikse take te verrig.

Kan demensie voorkom word?

Ons is tans nie seker wat die oorsaak is van die meeste siektes wat demensie veroorsaak nie. Dit beteken dat dit moeilik is om seker te wees wat ons kan doen om demensie te voorkom.

Bewyse dui egter daarop dat 'n gesonde dieet en lewensstyl beskerming kan verleen teen dementia. Deur veral nie te rook nie, gereeld te oefen, vetterige kosse te vermy en verstandelik aktief te bly tot in 'n gevorderde ouderdom, kan dit help keer dat vaskulêre demensie en Alzheimer se siekte ontwikkel.

Verdere inligting

Daar is ander inligtingsblaaie beskikbaar oor:

- *Alzheimer se siekte, Vaskulêre dementia, Dementia met Lewy se liggaampies, Frontale-temporêre dementia (insluitend Pick se siekte), CJS en Skaarser oorsake van dementia.*
- *Aricept, Exelon en Reminyl – die nuwe medisynes vir Alzheimer se siekte*
- *Diagnose en assessering*

Aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78
Email: info@dementiasa.org
Or support@dementiasa.org

3rd Floor,
State House,
3 Rose Street,
Cape Town

P.O. Box 16421
Vlaeberg
8018

DEMENTIASA
managing alzheimer's and dementia care

www.dementiasa.org